Wes-Kaapse Regering

BETER TESAME.

# BELANGRIKE KENNISGEWING

## UITNODIGING AAN KUNS- EN KULTUURORGANISASIES EN KULTUURFEESTE IN DIE WES-KAAP OM AANSOEK TE DOEN OM PROJEKBEFONDSING

Die Departement van Kultuursake en Sport (DKES) nooi geregistreerde kuns- en kultuurorganisasies wat by die beeldende kunste, uitvoerende kunste (bv. musiek, dans en drama), woordkuns en handwerk betrokke is asook kultuurprogramme en kultuurfeeste om hul aansoeke om projekbefondsing vir die 2017/2018-boekjaar in te dien.

Aansoeke word ingewag vir befondsing van projekte wat kuns en kultuur in die Wes-Kaap sal bevorder, ontwikkel en bewaar, in die besonder projekte wat:

- Kapasiteit in die kunste sal opbou;
- Sigbaarheid van die kunste sal bevorder;
- Betekenisvolle veranderinge en intervensies in gemeenskappe sal bevorder;
- Elemente van ons kultuurerfenis sal verken; en
- Geleenthede deur die kunste sal skep.

Aansoeke moet op die voorgeskrewe aansoekvorm ingedien word, en van die nodige ondersteunende dokumentasie vergesel word.

Die aansoekvorms is beskikbaar by www.westerncape.gov.za/cas en navrae of versoeke vir aansoekvorms kan gerig word aan een van die onderstaande beamptes:

| | |
|---|---|
| **Kaapstad Hoofkantoor/Vredendal Streekskantoor**<br>Fareedah Hunter<br>Tel.: 021 483 9724<br>Fareedah.Hunter@westerncape.gov.za | **Oudtshoorn Streekskantoor**<br>April Meiring<br>Tel.: 044 2791766<br>April.Meiring@westerncape.gov.za |

Aansoeke kan gepos, per koerier gestuur of persoonlik afgelewer word. Gebruik asseblief die onderstaande adresse in hierdie verband:

| | |
|---|---|
| Per pos<br>DKES Kuns en Kultuur<br>Privaatsak X9067<br>Kaapstad<br>8000 | Per koerier/per hand<br>3de Vloer<br>Protea Assuransie-gebou<br>Groentemarkplein<br>Kaapstad<br>8001 |
| Oudtshoorn Streekskantoor<br>Seppie Greeff-gebou 215<br>Oudtshoorn<br>6620 | Vredendal Streekskantoor<br>Matzikamastraat 31<br>Vredendal<br>8160 |

**Spertyd vir aansoeke: Vrydag 31 Maart 2017 om 16:00.**
Geen aansoeke sal per faks of per e-pos aanvaar word nie.
Geen laat aansoeke sal aanvaar word nie.
**Let asseblief daarop: Befondsing is beperk. Tydige indiening van 'n voltooide aansoekvorm waarborg nie befondsing nie.**